menlo-insig

Insig 4/2026– 4 Februarie 2026

# UIT DIE AMFI

*Die Insig deel graag die verkorte toespraak van Parkieraadvoorsitter, Liam de Koning. Dit was vandeesweek Liam se taak om die skool met 63 jaar van uitnemendheid geluk te wens.*

Goeiemôre Menlopark!

Soos julle kan sien, dra ek nie my gewone das nie. Hierdie is Die Hoërskool Menlopark se heel eerste matriekdas wat tannie Gisela aan my geleen het om ons skool se drie-en-sestigste verjaarsdag te vier.

Nou vra jy dalk: "Outjie met die mikrofoon, vir wie sê jy nou eintlik geluk? Is dit die skoolgeboue wat al vir 63 jaar kinders met hul swaar tasse dra, of die sportgronde wat ses dekades se hoogtepunte opgelewer het?"

Vandag vier ons die hele skool. Geluk met *jou* skool se verjaarsdag. Geluk, want jy laat die skool voortbestaan. Mag elkeen van ons vandag 'n gevoel van dankbaarheid en trots beleef om deel van die een en enigste Hoërskool Menlopark te wees

Ek deel graag 'n paar hoogtepunte met julle.

60 jaar gelede, in 1966, word Menlovaria vir die eerste keer aangebied. Ons rugby- en hokkievelde word uitgelê, en tafeltennis – ja, tafeltennis! – word 'n amptelike skoolsport.

40 jaar gelede, in 1986, word die skoolwapen met die alombekende lourierkrans getooi. Die Menlo-revue is vir die eerste keer op die planke en Menlopark wen die atletiekinterhoër vir die 20ste keer in die skool se 23-jarige bestaansjaar.

Daar was nog talle hoogtepunte deur die jare en ons bedank die vorige Menlo-hoofde wat 'n reuserol in die skool se sukses gespeel het: mnr. Van Zijl, mnr. Gerber, mnr. Booysen, dr. Van der Merwe en mnr. Reynders.

Daarom sê ek ook geluk aan mnr. Hartman wat ons skool vorentoe dryf.

Dit is 'n voorreg om sport op eersteklasfasiliteite te beoefen en in splinternuwe tydelike-permanenteklaskamers klas te draf.

Menlopark, geluk met jou verjaarsdag en alles wat jy in 63 jaar bereik het! Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar.

Excelsa Petamus – streef die hoogste na.



**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**PSALM 121**

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Eggo-jaarblaaie te koop

Jaarblaaie is teen R150,00 by die finansiële kantoor te koop.
Verwysingsnommer by betaling: JB en leerder se naam en van.
Handig asseblief die bewys van betaling by die finansiële kantoor in om die jaarblad te ontvang.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

## Kommunikasie met Menlo-personeel

Die personeel se kontakbesonderhede is op die skool se **webblad** beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |

# KOMMUNIKASIE


## Menlo-mediasentrum

Leerders word daaraan herinner dat druk– en lamineerwerk by die mediasentrum gedoen kan word.


## Woolworths-lojaliteitsprogram

Die skool versoek ouers om Die Hoërskool Menlopark as begunstigde op hulle Woolworths-lojaliteitskaarte te laai. Volg die stappe om sukses in 'n japtrap te behaal.

Teken op u Woolworths-toep in. Kies ***Loyalty***.




Kies ***Causes***.




Kies ***Choose my own*** en gebruik die soekfunksie om Die Hoërskool Menlopark as begunstigde te laai.

## Op– en aflaai van Parkies

Ouers word versoek om geduldig te wees wanneer hulle hulle kinders by die skool op– en aflaai en om nie in die voetoorgangsone te parkeer nie.

## Menlo-Insig

Die Insig lewer verslag oor die prestasies van die Parkies.

Die Insigkantoor ontvang prestasies binne skoolverband direk van die organiseerders van die onderskeie aktiwiteite.

Prestasies buite skoolverband word deur ouers aan die Insigkantoor (insig@menlopark.co.za) gestuur.

Let asseblief daarop dat die Insig slegs Parkies wat aan buiteskoolse aktiwiteite deelneem se hoogste prestasies plaas.

# KOMMUNIKASIE

## Finansies

Korting van R2 200 per leerder word toegestaan indien skoolfonds voor 27 Februarie 2026 volledig vereffen word.

Navrae: finansies@menlopark.co.za

## Menlo-kalender

Die skool se kalender is op die webblad asook op Ed-admin (Documents—Kalender) beskikbaar.

## Menlo-mediasentrum

The Magisterium series


by Holly Black and Cassandra Clare




Callum Hunt has spent his whole life trying to stay away from magic, but when he's chosen to attend the mysterious Magisterium, a hidden school deep underground, escape is no longer an option. Between dangerous trials, strange creatures, and friendships he never expected, Call discovers that his past holds dark secrets and his future may be far more powerful – and dangerous – than he imagined. A fast-paced fantasy adventure filled with twists, humour and heart.

## Brokkies Menlo

1983. Groot opwinding! Die skool ontvang sy eerste mikrorekenaar vir die leerders se gebruik in die mediasentrum. In hierdie tyd ondersoek die skool die digitalisering van die uitleen- en katalogusstelsel.



## Afrikaans 101

"Glad nie" word glad nie vas geskryf nie.

"Gladnie" is 'n spelfput.

Bron: VIVA-taalwenk

# AKADEMIE

## AKADEMIESE TOEKENNINGS

Die vrug van die Menloparkers se arbeid en die akademiese prestasies wat in 2025 behaal is, is verlede week gevier. Hartlik geluk aan elke leerder wat sy en haar akademiese doelwitte bereik het. Me. Tanya Matthysen verdien 'n veer in die hoed vir haar organisatoriese reëlings.

Hier volg die top-20-leerders van 2025.





**Graad 8**
20. Nelita de Bruin, 19. Jean-Paul Fourie, 18. Milan Breet, 17. Lua Coetzee, 16. Clara Blignaut, 15. Annabelle Mcintyre, 14. Abigail Prinsloo, 13. Nadine Kruger, 12. Jacques Groenewald, 11. Lara Hofmeyr, 10. Jesse Naidoo. 9. Gabrielle Mokrane, 8. Jacques van Heerden, 7. Liam Coertzen, 6. Liam Senekal, 5. Christiaan Koekemoer, 4. Lené Meiring, 3. Emily de Jager, 2. Keilah Visser, 1. Lana Swanepoel (94,06%).



**Graad 9**
20. Mieke van den Berg & Lara Moolman, 19. Teagan Rossouw, 18. Janelle Kirkpatrick, 17. Chay Karsten, 16. Mari Coetzee, 15. Lize Coetzee, 14. Libby Pienaar, 13. Heinz Kunzmann, 12. Heinrich Coertze, 11. Reinhard Langenhoven, 10. Jaco Aldum, 9. Leané Gerber, 8. Vené Eloff, 7. Ava van der Linde, 6. Leila du Plessis, 5. Raine Smit, 4. Bernhard Böhmer, 3. Ruan Nieuwenhuys, 2. Divan Heyl, 1. Zea de Villiers (95%).



**Graad 10**
20. Nicole Enslin, 19. Jeanne-Marie van Brummelen, 18. Simoné Spies, 17. Jan-Willem Pienaar, 16. Ethan Steenkamp, 15. Alexi Olivier, 14. Selie de Villiers, 13. Stehan Serfontein, 12. Luané Erasmus, 11. Annika Böhmer, 10. Dante Slabbert, 9. Milan Visser, 8. Rosalie Louw, 7. Erwee Blom, 6. Kendra van Dijk, 5. Markus de Jager, 4. Liané de Wet, 3. Talia Jonker, 2. Gisele Geldenhuys, 1. Adri de Beer (96,02%).



**Graad 11**
20. Nina Dicks, 19. Xander Smith, 18. Corlise Potgieter, 17. Jean du Plessis, 16. André Kruyshaar, 15. Marlene Kruger, 14. Milé Swanepoel, 13. Liam de Koning, 12. Ciana Kruger, 11. Xanté Strauss, 10. Enya Pretorius, 9. Lente Swanepoel, 8. Rian Knoesen, 7. Clara Serfontein, 6. Le Roux van Wyk, 5. Nicholas Pretorius, 4. Luka Smit, 3. Livvy Pienaar, 2. Luan Visser, 1. Erik Senekal (97,02%).

# KULTUUR

## MENLO-TIENERTONEEL: ROLVERDELING AFGEHANDEL

Baie geluk aan die Menlo-akteurs wat 'n oudisie vir vanjaar se tienertoneel geslaag het.



**Blokke**

Nathan Bornman, Mieke du Plooy, Nadine Kruger, Mikayla van den Berg, Bijoux du Preez, Hayleigh Sutherland Marli Momberg, Mia Kieser, Lilize Fouche & Zania Louw.

**Hardloop! Dis my Ma!**

Ewan Wiltz, Kayden Venter, Mea le Roux, Ruan Nieuwenhuys, Emma Hansen, Nika Botha, Megan Porter, Gabbi van Rensburg, Lenandi Kuhn, Lana Swanepoel, Wynandt van Dyk & Luan van Eck.

**Pikkewyn pikkewater**

Carl Radley, Vishay Naidoo, Nina du Plessis, Christiaan de Jager, Milan Visser, Shimei Visser, Lara Moolman, Wehan Snyman, Liané de Bruin & Janel Meyer.

**Le-Tarineville**

Rhuwan Strydom, Stehan Serfontein, Monya du Plooy, Thlolo Phetla, Reba Phoko, Keilah Visser, Cheree Smith, Dimpho Phaswane, Mikayla Lourens, Divan Heyl, Anje Hanekom, Jané van Heerden, Janno Serfontein & Zander Serfontein.

## MENLO-ORKES

Baie geluk aan die Menlo-musikante wat 'n orkesoudisie geslaag het:

**Doedelsak:** Lukiyan Sakharov

**Dwarsfluit:** Alyssa Blennies, Raine Smit, Zelia Küsel, Nica Thuynsma & Ané Van Dyk

**Elektriese Kitaar:** Liam Fryer

**Franse Horing:** Heidi van Rooijen

**Harp:** Dea Higgins

**Hobo:** Josua Leeuwner

**Klavier:** Annabelle McIntyre, Liam Senekal & Clara Serfontein

**Xilofoon:** Anabelle Mcintyre

**Perkussie:** Reuben Gradwell, Henrico Lategan, Adriaan Jacobs, Lianie Van Eeden, Emile Erasmus, Cillie Swart, Zack Viljoen, Fabiénne Wiid, Amorey Green, Mia Collins, & Arebell van Eck

**Saksofoon:** Jac Snyman & Zea de Villiers

**Tjello:** Luka Smit



**Tromboon:** Jacques Goosen

**Trompet:** Alexander Bodenstein & Owen Noomé

**Viola:** Renier Balt

**Viool:** Mignon Meyer, Hennicke Pistorius, Tenley Hattingh, Lana Swanepoel, Gabrielle Mokrane, Liam Senekal, Kaidyn Garib, Milah Bakker, Katrien Mahne & Loané Prinsloo

**Kitaar:** Liam Senekal

# ATLETIEK

## ABSOLUT MENLO-MASSABYEENKOMS

**Algeheel**

| | |
|---|---|
| 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Helpmekaar Kollege |
| 3. Hoërskool Monument | 4. HTS Middelburg |

**Individuele prestasies**

| | |
|---|---|
| Senior victrix ludorum | Megan Nieman |
| Senior victor ludorum | Jaco van Dyk |

O. 14-**Rekords**

| | |
|---|---|
| Linmari Kirkpatrick | 300 m-hekkies |

O. 15-**Rekords**

| | |
|---|---|
| Lua Coetzee | Driesprong |
| Nathan Atkins | 300 m-hekkies |

O. 16-**Rekords**

| | |
|---|---|
| Janelle Kirkpatrick | 100 m-hekkies |
| Seuns & dogters | Aflos |
| Jaco van Dyk | Diskus |

O. 17-**Rekords**

| | |
|---|---|
| Seuns en dogters | Aflos |
| Megan Nieman | 100 m, 100 m-hekkies & 400 m-hekkies |
| Llewellyn v Heerden | 400 m |
| Joshua Gerber | Diskus |

**O. 19-Rekords**

| | |
|---|---|
| Karla Bouwer | 400 m-hekkies |












# GHOLF

## SA AMATEUR-GHOLFKAMPIOENSKAP

Schalk van Ettinger het verlede week weereens bewys dat hy senuwees van staal het. Hierdie talentvolle graad 10-leerder het gesamentlik in die derde plek by die SA Amateurgholfkampioenskap geëindig en dit teen swaargewig plaaslike en internasionale mededingers. Welgedaan, Schalk! #menlotrots



# SPORT

## MUURBAL: NJSA CLOSED RANKING TOERNOOI





Baie geluk aan die muurbalspelers wat uitstekend gevaar het by vanjaar se eerste *closed ranking*-toernooi wat by Pretoria Buiteklub plaasgevind het.

**Seuns**

| | |
|---|---|
| O. 15A | Emile Erasmus (2), Mynhardt Ackerman (8), Ian Viljoen (9), Ruben de Graaf (10) en Franco Green (11) |
| O. 15B | Luka Marx-Pienaar (1) en Lugan Prinsloo (2) |
| O. 17B | Marco Eastman (6) |
| O. 17C | Mishael Martens (1) |
| O. 19A | Riaan Agenbacht (1), Joseph Myers (3), Dewald de Graaf (8) en Conrad Ehlers (12) |

**Dogters**

| | |
|---|---|
| O. 17A | Mia Kieser (3) en Carli Schutte (7) |
| O. 19B | Anke Snyman (2), Arebell van Eck (4) en Anien Coetsee (5) |









## 2026-SWEMKAPTEINS

Baie geluk aan die swemkapteins van 2026!

| | |
|---|---|
| A-span | Roald Basson & Aime Kotze |
| B-span | Cameron Pieters en Láne Fouché |

## ALMAL IS WELKOM BY MENLO-BERGFIETS





**Oefentye**


| | | |
|---|---|---|
| Maandae | 14:30-15:30 | Menlo-gimnasium |
| Dinsdae | 15:00-16:00 | Caracal Bike and skills Park (Bussievervoer is beskikbaar) |
| Woensdae | 14:30-16:00 | Strubenkop (Almal vertrek saam vanaf die skool) |
| Donderdae | 14:30-16:30 | Fort Klapperkop (Almal vertrek saam vanaf die skool) |

***Outrides***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 29 Maart | 19 April | 31 Mei | 16 Junie |

**Navrae:**
Me. Simoné Labuschagne (simone.labuschagne@menlopark.co.za)

# PARKIE-ENTREPRENEURS




## WIL U GRAAG IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig

# MARKPLEIN



Joshua na die Reën
6 MAART 2026 | 18:30
NG LYNNWOOD
439 SUSSEXLAAN, LYNNWOOD
KAARTJIES TE KOOP BY:
TOEGANG: R250 P/P
KOSSTALLETJIES EN DRINKGOED BESKIKBAAR VOOR DIE VERTONING.




Laundry save
Wasgoed
Strykwerk
Verstellings
Droogskoonmaak
Ons lewer af!
Leerlinge in die koshuis? Ons help graag.
Menlopark Winkelsentrum
13de Straat
Menlopark
079 284 2674
service@laundrysave.co.za
www.laundrysave.co.za




Affordable, reliable
FIBRE
connectivity
Now within your reach
30/30 Mbps
R435 p/m*
FREE to use Fibre Router
FREE Connection
FREE Installation
Available from
axxess®
Internet your way
powered by open serve
*The promotional price is valid for the service activation month and the following month. T's & C's apply. Check availability: www.axxess.co.za




KHOREO
DANCE STUDIO
FREE TRIAL CLASS!
DANCE CLASSES
JAZZ
TAP
CONTEMPORARY
COMPETITIONS
EXAMS
SHOWS
khoreodance@outlook.com
084 853 8277
PMC Hall: 8th Street, Menlo Park, Pretoria
@khoreo_dance_rsa
CONTACT US FOR MORE INFO ON CLASS TIMES AND FEES




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK